

## **Graad 10 Wiskunde**

Ek glo en vertrou dat dit goed gaan met almal. Ek het begrip vir almal se onsekerheid rondom die akademiese jaar, ek glo egter dat die Departement van Basiese Onderwys die nodige aanpassings sal maak wat in die beste belang van elke kind in Suid- Afrika sal wees.

Die vak Wiskunde is van so aard dat selfstudie van nuwe onderwerpe nie werklik moontlik is nie, en dit sal dus ook onbillik van ons, as onderwysers, wees om van julle te verwag om die nuwe vakinhou self baas te raak.

Ons het dit dus goed gedink om in hierdie tyd te fokus op die inskerping van kennis van Kwartaal 1 se onderwerpe. Verder sal hersiening van Graad 9 gedoen word om die voorbereiding vir Kwartaal 2 se onderwerpe te doen en tyd in die klaskamer te spaar wanneer ons terugkeer.

Leerders wat nie toegang tot die nodige infrastruktuur het om die werk af te laai nie, sal 'n hardekopie ontvang wanneer ons terug by die skool is en sal wel die werk moet inhaal.

### **Hoe om te werk te gaan:**

- 1. Elke onderwerp bestaan uit werkkaarte, toetse/ondersoeke. Werk word genommer in die volgorde wat dit voltooi moet word.**
- 2. Die onderwerpe wat vir Kwartaal 1 behandel word:**
  - 2.1. Algebraïese Uitdrukkings – (1)Getallestelsels, (2)Produkte, (3&4)Faktorisering, (5)Algebraïese Breuke. [14/04/2020-18/04/2020]**
  - 2.2. Vergelykings en Ongelykhede [20/04/2020-22/04/2020]**
  - 2.3. Eksponente [23/04/2020-25/04/2020]**
- 3. Die onderwerpe wat vir Kwartaal 2 voorberei word:**
  - 3.1. Getalpatrone – Ondersoek [27/04/2020]**
  - 3.2. Euklidiese Meetkunde – Leerders het 'n werkboek voor die vakansie ontvang waarvan Oefening 1 (Graad 8 & 9) reeds as voorbereiding moes voltooi. 'n Toerie toets sal vir leerders gestuur word wat hulle huis moet afle. [28/04/2020]**
  - 3.3. Funksies [29/04/2020-01/04/2020]**
- 4. Datums aangedui in blokhakies dien as riglyn.**
- 5. Memorandums sal aan die einde van elke onderwerp voorsien word.**
- 6. Alle werk word in die agterkant van Boek 1 gedoen, behalwe Euklidiese Meetkunde wat in die agterkant van Boek 2 gedoen moet word.**
- 7. Leerders word aangemoedig om deurlopend notas te maak van probleemareas en dit onder die onderwyser se aandag te bring sodra ons terug is by die skool.**

Baie sterkte!

Brandwaggroete